higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)

3 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	E
	1.1.2	I
	1.1.3	K
	1.1.4	A
	1.1.5	C
	1.1.6	J
	1.1.7	B
	1.1.8	G
	1.1.9	L
	1.1.10	F

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	Onwaar
	1.2.2	Onwaar
	1.2.3	Waar
	1.2.4	Waar
	1.2.5	Onwaar
	1.2.6	Onwaar
	1.2.7	Onwaar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Waar
	1.2.10	Onwaar

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Sien slegs DRIE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 2

2.1
- Dit is duur in vergelyking met hittesterilisasie.
- Dit vereis hoogs gespesialiseerde toerusting.
- Hierdie sterilisasiemetode is nie geskik vir alle materiale nie en kan dus produkte verswak.
- Wanneer gammastraling as ionisasiebron gebruik word, vereis stralingsterilisasie die hantering en wegdoening van radioaktiewe materiaal (selfs al induseer dit nie radioaktiwiteit in die behandelde monster nie).

(Enige toepaslike 2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

2.2
- Bloed
- Urine
- Stoelgang
- Speeksel
- Semen
- Selle/Weefsel
- Serebrospinale vog
- Beenmurg (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

2.3
- Probeer kalm bly.
- Neem die tyd waar om te kyk hoe lank die aanval duur.
- Gee die persoon ruimte. Moenie toelaat dat ander om hom/haar saamdrom nie.
- Beweeg enige gevaarlike voorwerpe of meubels weg van hom/haar.
- Sit iets sag onder sy/haar kop.
- Maak klere om sy/haar nek los as jy dit veilig kan doen.
- Moenie enigiets in sy/haar mond sit nie.
- Moenie probeer om hom/haar neer te druk nie.
- Wanneer die rukkings ophou, plaas die persoon saggies op sy/haar sy en hou sy/haar lugweg oop.
- Moenie vir hom/haar enigiets gee om te eet of te drink totdat hy/sy nie ten volle herstel het nie.
- Probeer verleentheid beperk. As die persoon hom-/haarself byvoorbeeld natgemaak het, probeer om dit so privaat moontlik te hanteer/plaas 'n jas oor hom/haar.
- Moenie die persoon alleen los nie; bly by hom/haar totdat hy/sy ten volle herstel het.

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

2.4
- Spesifieke/Persoonlike besonderhede van die pasiënt
- Biopsigososiale geskiedenis van die pasiënt, insluitende allergieë en idiosinkrasieë
- Tyd, datum en plek van elke konsultasie
- Assessering van die pasiënt se toestand
- Voorgenome kliniese bestuur van die pasiënt
- Medikasie en dosering voorgeskryf
- Besonderhede van enige verwysings na spesialiste
- Pasiënt se reaksie op behandeling, insluitende negatiewe reaksies
- Resultate van beelding
- Toetsresultate
- Rekords van siekbriewe, wanneer die pasiënt afgeboek van werk is en hoekom
- Enige skriftelike bewys van oorwoë toestemming (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 3

3.1
- Mond
- Armholte
- Rektum
- Vagina (Enige 2 × 1) (2)

3.2
- Reël 'n bed in hospitaal
- Reël 'n plek op die teaterlys
- Verseker die beskikbaarheid van 'n teaterverpleër en verpleërs
- Reël 'n narkotiseur
- Reël 'n assistent vir die chirurg
- Vind 'n geskikte tyd vir alle betrokkenes (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

3.3
- Die korrekte houer word vir die spesifieke monster gebruik
- Die houer bevat die korrekte hoeveelheid
- Alle nodige inligting is aan die houer geheg, insluitende die dokter se naam, die pasiënt se naam, die datum en die toetse wat gedoen moet word
- Bykomende inligting soos die pasiënt se adres en mediesefondsnommer word saam met die monster op die korrekte afsonderlike vorm verskaf, waar nodig
- Houers wat vir bakteriologiese ondersoek gebruik word, is steriel
- Monsters bereik die patoloog so gou moontlik
- Monsters is op korrekte manier verpak
- Voldoende voorraad monsterhouers te alle tye

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

3.4
- Hartlikheid/Vriendelikheid/Deernis/Empatie
- Goeie kommunikasievaardighede
- Goeie luistervaardighede
- Bereidwilligheid om jou 'n vennoot in ingeligte besluitneming te maak
- Verstandhouding/Versoenbaarheid met hul eie persoonlikhede
- Respek vir die pasiënt (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1
- Breë spektrum/doeltreffendheid teen sowel gram-positiewe as gram-negatiewe bakterieë asook teen swamme
- Doeltreffend teen normale temperature
- Aktief in teenwoordigheid van organiese stowwe
- Mengbaar met chemikalieë waarmee dit in aanraking kom
- Oppervlakversoenbaarheid/Sal nie oppervlakke beskadig nie
- Doeltreffend teen lae konsentrate
- Nie giftig vir mense en diere nie
- Oplosbaar in water
- Stabiel in konsentraat- en verdunde vorm
- Goeie reinigingskenmerke
- Omgewingsvriendelik
- Nie irriterend vir vel nie
- Werk vinnig
- Langdurige werking
- Maklik om te gebruik met duidelike instruksies
- Bekostigbaar/Ekonomies
- Aangename reuk of reukloos (Enige 7 × 1) (7)

4.2
- Ontbied mediese noodhulp.
- Spuit adrenalien/epinefrien in die bobeen, indien beskikbaar, bv. EpiPen-selfinspuiter.
- Lig in dat mediese hulp benodig word selfs al help die adrenalieninspuiting.
- Verwyder die allergie-sneller op ’n veilige manier.
- Ondersoek die pols en asemhaling.
- Pas kardiopulmonêre resussitasie toe indien nodig.
- Maak stywe klere los.
- Maak seker die persoon is in ’n gemaklike posisie.
- Skakel die persoon se gesinslid/noodkontakpersoon.
- Bly by die persoon totdat hulp arriveer. (Enige toepaslike 8 × 1) (8)

4.3
- Moet verstaan dat talle pasiënt self navorsing oor hul toestand doen, en moedig hulle aan om na te lees oor hul toestand en dit te verstaan om beter uitkomste te verseker
- Lig pasiënte in van hulpbronne met akkurate inligting
- Moedig pasiënte aan om vrae te vra wanneer hulle onseker is of teenstrydige inligting teëkom
- Respekteer pasiënte se outonomie en neem saam besluite
- Bestee tyd daaraan om pasiënte oor hul toestand op te voed
- Luister na pasiënte se bekommernisse
- Kommunikeer eerlik
- Bly op hoogte van nuwe ontwikkelings en bevindinge

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Sertifikaat moet deur ’n mediese praktisyn of enige ander persoon wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en te behandel, uitgereik en onderteken word, en die persoon moet by ’n professionele raad wat ingevolge ’n Parlementswet gestig is, geregistreer wees
- Naam, adres en kwalifikasies van die praktisyn
- Naam van die pasiënt
- Diensnommer van die pasiënt, indien van toepassing
- Datum en tyd van die ondersoek
- Of die sertifikaat uitgereik is op grond van persoonlike waarnemings deur die praktisyn tydens ’n ondersoek of op grond van inligting wat van die pasiënt ontvang is
- Beskrywing van die siekte/versteuring/kwaal in leketerme – slegs as oorwoë toestemming deur die pasiënt gegee is
- Of die pasiënt heeltemal ongesteld is en of die pasiënt minder veeleisende take sal kan doen
- Presiese datums/tydperk van aanbevole siekverlof
- Datum van uitreiking van die sertifikaat
- Duidelike aanduiding van die identiteit van die praktisyn wat die sertifikaat uitreik – voorletters en van in blokletters, met die praktisyn se registrasie-/praktyknommer
- Leesbare handtekening van die praktisyn (Enige 7 × 1) (7)

5.2
- Pas handhigiëne toe en dra handskoene.
- Posisioneer die pasiënt se hand met die palm na bo.
- Kies ’n geskikte vinger.
- Pas druk met tussenposes toe om bloedvloei na die vingerpunt te verseker.
- Maak die vingerpunt met alkohol skoon en laat dit droog word.
- Plaas ’n steriele lanset net langs die middelpunt van die vingerpunt en maak ’n vinnige, ferm prik, of hou ’n outo-lanset teen die vinger en prik die vel.
- Vee die eerste bloeddruppel met steriele gaas of watte af.
- Hou die vinger laer as die elmboog, indien nodig, om bloedvloei te versnel.
- Pas druk met tussenposes op die basis van die vinger toe, indien nodig.
- Versamel die bloedmonster soos nodig vir die toets/direk in die toetstoestel.
- Laat die pasiënt druk op die prikplek met gaas/watte toepas totdat dit ophou bloei. (Enige toepaslike 8 × 1) (8)

5.3 Pasiënte wat ’n gesonde verhouding met hul dokter het, sal waarskynlik gemakliker daarmee voel om sensitiewe inligting meer gereeld te deel, wat help om akkurater diagnoses te maak en die beste behandeling te verseker. ’n Gesonde verhouding verseker beter kommunikasie en gesondheidsopvoeding, en bevorder nakoming van behandeling. (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou